Tert se onderonsie met buitelandse toeriste

deur Herman du Plessis

Februarie van verlede jaar probeer Tert mos vir Lien oortuig dat om in die Wildtuin te verjaar, beter is as al die ander plekke waar 'n mens nou so 'n geleentheid kan vier. Lien skop vas en herinner hom dat hy in Desember verjaar en toevallig is dit daardie tyd somer in die Suidelike Halfrond.

Sy vertel van die verskriklike hitte in die Laeveld, maar Tert sê daar is swembaddens in feitlik elke kamp.Lien bevraagteken sy intelligensie en geestelike gesondheid oor die hitte en Malaria muskiete en die vreeslik baie mense, maar Tert sê daar is pille vir die muskiete. En spuitgoed. En lugversorgers in die rondawels. En 'n lugversorger in die kar.

Al wanneer dit gaan lol is wanneer hulle uitklim om winkel toe te gaan. Maar hulle hoef nie soontoe te gaan nie. Regtig nie. Lien sê dit sal die dag wees. Gelukkig is daar lugversorgers in die winkels ook. “Dis waar”, sê Tert gedwee want uit ervaring weet hy dat hy selfs met bomenslike inspanning vir Lien uit geen winkel sal kan hou nie.

Uiteindelik gee Lien voorwaardelik bes. Hulle kan Desember Wildtuin toe gaan, sê sy, maar net as hulle met haar verjaardag in Junie Mauritius toe kan gaan. Tert sê dis onregverdig, maar Lien sê dis óf Mauritius óf hy verjaar hier in Harties. “Ja orraait”, sê Tert, en Lien vlieg weg en begin koop en reël vir die vakansie in Mauritius. Tert is maar op sy eie aangewese vir die Wildtuin en so op sy eie bespreek hy plek en reël vir alles. Ek en Pitte luister maar net so met een oor van die kampe waar hulle gaan bly en wanneer hulle gaan ry en wanneer hulle by watter kamp gaan wees en goeters.

Uiteindelik is dit Desember en Tert-hulle is weg.Die dag van sy verjaardag bel ons vroeg want ons weet van seine wat net op party plekke is en op ander weer nie is nie en goeters en dinge. Ons vis 'n bietjie uit oor hulle planne vir die dag en sê koebaai. Hy moet maar lekker verjaar. Ons sal hier by die huis 'n ietsie op sy gesondheid gebruik.

Omtrent twee uur die middag is Tert-hulle terug in Letaba. Hy parkeer die kar en begin uitlaai. Lien stap vooruit, maar op die stoep draai sy in haar spore om en loop amper vir Tert uit die grond uit. “Daar's 'n ding op hulle stoep”, vertel sy met groot oë en 'n fluisterstem. “Watse ding?” wil Tert weet. “'n Bobbejaan?” “Nee,” sê Lien. “'n Mens. 'n Vuile. 'n Tang as jy nog nooit een gesien het nie. Met hare en 'n jas. Hy sit daar met 'n moerse hoop tasse by hom. Is ons by die regte rondawel?” “Ja,” sê Tert maar hy vergelyk eers gou versigtigheidshalwe die nommer op die sleutel met die nommer op die muur. Dit is die regte rondawel. Dit is nie te betwyfel nie. Lekker opgeklits en warm onder die kraag vat hy die goed wat hy uit die kar gelaai het vaster en stap met Lien agterna rondawel toe.

Toe hy om die hoek kom sien hy die vent wat hom lekker tuisgemaak het op hulle stoep. So 'n blaserige vent met 'n bos hare wat lanklaas water of sjampoe gesien het, 'n groen boshoederige ding op die kop, donker brille op die oë en die ergste van alles; die baadjie. Dit lyk asof dit in die middel van die winter is, so dik is die baadjie. En die vreeslike hoop tasse. En die klomp leë Klippies en Coke botteltjies wat al amper peloton sterkte op die tafel staan. Die man kyk so half skuins weg van Tert af. Tert kan net sy gesig so effens sien, maar wat hy wel sien, hou hy nie van nie.

“Hi ave té magister; good day,” groet die man eerste. Tert en Lien groet ook. In Engels. Lien hoop net Tert se stoomklep hou. “I wait here since eleven 'o clock for you. I see the door is locked. I cannot put my stuff in. You must take out your stuff so I can put my stuff in. This is my place. I booked and paid for it a year ago,” sê die vent met arrogansie wat Tert rooi laat sien en 'n stukkende Engels wat selfs Tert se Engels 'n Oxford kleurtjie laat kry. “I booked this place in February already for four nights and I am not moving. You better go to the manager and sort out your travel problems,” sê Tert vir die man wat hom nie in die oë wil kyk nie. “Me from Uruguay,” sê die man, “I don't have problem. I am foreign visitor. I bring money to your country. You got problem. You go to manager. Excandoré kayl nostril exeltisimo mare illus quid respondent skopoli,” babbel die vent voort.

Tert begin verstaan hoekom daar die tyd met die bou van die toring van Babel so 'n deurmekaarspul was sodat hulle liewers maar die bouery gestop het tot tyd en wyl iemand taalkursusse uitgevind het en dan weer te probeer. “I am from South Africa and this is my country. I paid for this chalet and I am not moving at all,” sê Tert met 'n paar sterker woorde tussen-in. “Why are you South Africans so rude,” wil Tang weet. Tert se stoomklep het vasge-haak. want teen sy nek kruip die rooi vlekke al hoër op. Sy selfbeheersing is egter merk-waardig, om die minste te sê. “Listen tjom,” sê Tert, “as jy nie vandag gedonner wil word nie moet jy hierdie pakkaas van my stoep afkry en scram. Die man verstaan van alles net “scram”. Hy wip hom vreeslik. “Scram! Me not scram. You make trouble for foreign visitor so you go to manager. Rebecca! Rebecca!! Nos ve vamous moeri a zempes parentes!!”

“Nou roep hy nog sy vrou ook,” sê Tert vir Lien., “Ek sien nie kans vir twee van hulle nie. Seker so dik soos 'n bus met 'n stem wat deur staal kan sny. Kom ons gaan sien die bestuurder sodat ons die ding kan opklaar. Voordat ek hierdie vent terugdonner tot in Uruguay.” Hy draai om en maak vir die kar. Lien kom op 'n galoppie agterna. “You must take permit with you,” sê Tang en kom agterna gehardloop met die permit fladderend in sy hand. “Ek het fokkol met jou permit te doene nie. Die ding is seker net so vuil soos jy,” sê Tert en hy klim in die kar. Hy slaan die deur met meer krag as wat nodig is toe.

Net toe hy wil agteruit stoot, stop daar 'n grys BMW dwars agter sy kar. Tert is by plofpunt. “Nou kan die moer nie sien ek wil ry nie,” en Tert vlieg weer uit sy kar uit om die eienaar 'n opstopper te gaan gee. Sy verjaardag is 'n ramp! Bak-arm loop hy die BMW storm. Hy is so kwaad soos 'n Geelslang wat in 'n hoek vasgekeer is. Die eienaar laat die getinte ruit stadig afdraai. “Verjaar jy lekker Tjom,” wil Pitte besadig weet. Tert vries in die hardloop. Hy lyk nogal baie soos oor'le Lot se vrou. Hy kyk om. Ek haal die pruik van my kop af, trek die baadjie uit en vee die grimering met my sakdoek van my gesig af. Dis flippen warm met al die ekstra goed.

“Lekker verjaar ou maat,” sê ek en loop na hom toe. “Julle bliksems! Julle soek van hárd gedonner te word! Baie, baie hard!!” Tert begin lag. Hy lag en hy lag tot hy later op sy knieë staan.

Dis die beste verrassing van my lewe!! Watse taal het jy netnou gepraat?” vra hy toe hy sy asem weer bietjie terug het. “Ag dis nog 'n bietjie van ou Meneer Griessel se Hoërskool Latyn met 'n paar van my eie opgemaakte woorde daarby.” “Julle swerkaters! Hierdie dag sal ek nooit vergeet nie. Kom ons gaan gooi 'n ietsie,” en Tert stap laggend vooruit rondawel toe.

“Uruguay!! Kan jy glo!” en hy skud weer van die lag.